# Randjienuus

13 Februarie 2026

## WELKOM AAN AL ONS SKOOLFAMILIE 2026

## HOËRSKOOL RANDBURG WORD 60 JAAR OUD!

17 Januarie 2026 merk 'n historiese oomblik vir Hoërskool Randburg – ons 60 jaar-feesviering! Sedert 17 Januarie 1966 het die Bloumasjien gegroei, gebou en geskitter en nou vier ons ses dekades van **trots, tradisie en uitnemendheid.**

Hou hierdie ruimte dop terwyl ons saam terugkyk, feesvier en vorentoe droom.

60 jaar sterk. 60 jaar trots. 60 jaar Randburg. Die fees het begin!



# MATRIEKDAS 2026

Ons hoofleiers, **Ané le Roux en Ewan van der Walt**, het op 14 Januarie 2026 tydens saal hulle matriekdasse ontvang.



Ané le Roux, Mnr. Booysen, Ewan van der Walt

Matriekdasontwerp deur Schalk du Plooy



# MATRIEKSONOPKOMS

Ons matrieks het op 14 Januarie op ’n besonder gepaste en betekenisvolle wyse hul matriekjaar begin. Saam het hulle die sonsopkoms verwelkom en die jaar met ‘n mooi boodskap en gebed ingelei. ’n Pragtige begin van hul laaste hoofstuk — ’n jaar vol hoop, groei en nuwe moontlikhede.









# LAERSKOOL UNIKA KOM KUIER

Op 29 Januarie het **Laerskool Unika se Graad 1's** ons Matrieks 2026 sterkte vir hulle laaste skooljaar kom toewens. Van die eerste oomblik af het hulle die oggend met lag, dans en so baie liefde gevul. Ons matrieks het die mooiste herinneringe van die graad 1's om saam met hulle te dra. Dit was regtig 'n hoogtepunt van die jaar! **Baie dankie** aan Laerskool Unika vir die wonderlike gebaar – julle het ons dag opgehelder!



















## NUWE PERSONEEL 2026

Met groot trots verwelkom ons graag ons nuwe personeel by Hoërskool Randburg. Ons wens elkeen van julle ʽn besonderse en vervullende toekoms by Randburg toe. Welkom by die Bloumasjien – ons is oortuig daarvan dat julle diep spore gaan trap en ʽn waardevolle bydrae tot ons skool-gemeenskap sal lewer.

- ★ Zander Coetzer
- ★ Michelle de Villiers
- ★ Gerlene Nieuwenhuis
- ★ Vanessa Boshoff
- ★ Rochelle Smith
- ★ Monya Engelbrecht
- ★ Dánell van der Ruyst
- ★ Sanita Louw
- ★ Elizabeth van der Linde
- ★ Anzelle Botha
- ★ Erna Dreyer
- ★ Retha Delport (Musiek Magneetskool)




Mag julle tyd by Randburg met baie seëninge gevul wees. Welkom tuis!

## TOP 20 AFRIKAANSE SKOLE

**Hoërskool Randburg is weer as een van die Top 20 Afrikaanse skole in die land aangewys.** Solidariteit se Skole-ondersteuningsentrum analiseer jaarliks die matriekuitslae van skole landswyd en gee erkenning aan skole wat uitnemende prestasie lewer.

Ons is verder besonder trots om te deel dat **Engels Eerste Addisionele Taal** sowel as **Inligtingstegnologie** onder die top 20 in die land vir die meeste onderskeidings is. Engels beklee die 18de plek, terwyl Inligtingstegnologie ʼn indrukwekkende agtste plek behaal het.

Hierdie prestasie is ʼn bewys van die harde werk, toewyding en passie van ons leerders, onderwysers en ondersteuningspersoneel. Dankie aan elkeen wat bydra om Hoërskool Randburg se standaard van uitnemendheid jaar na jaar te handhaaf.






# GRAAD 12 TOP PRESTEERDERS 2025




Dihan Hoogendoorn
8 Onderskeidings




Nicola van Tonder
8 Onderskeidings




Ruben Naudé
8 Onderskeidings




Adriaan Naudé
8 Onderskeidings




Ethan Bester
8 Onderskeidings




Rico Vosloo
7 Onderskeidings




Robert van der Spoel
7 Onderskeidings




Mikka Spies
7 Onderskeidings




Gustav Jones
7 Onderskeidings




Kyra-Shae Ehmke
7 Onderskeidings




Kayla Sander
7 Onderskeidings




Annika Swanepoel
6 Onderskeidings




Zander van Tonder
6 Onderskeidings




Dewet van Eeden
6 Onderskeidings




Isabel Els
6 Onderskeidings




Anika du Preez
6 Onderskeidings




Karli de Kock
6 Onderskeidings




Cristi Laubscher
5 Onderskeidings




Anja Greyling
5 Onderskeidings




Azura du Plessis
5 Onderskeidings










Van links na regs:

JG Luus
Nicola du Plessis
Ingrid Bekker

5 Onderskeidings

**BAIE GELUK!**

**Baie geluk aan ons matrieks van 2025 met 'n uitsonderlike 100% slaagsyfer! Ons is besonder trots om aan te kondig dat 90% van ons leerders vir universiteitstudies kwalifiseer, 8% vir verdere diplomastudies en 2% vir hoër sertifikaatstudies. Hierdie groep het saam 'n indrukwekkende 329 A-simbole behaal — dit beteken 'n gemiddeld van 1,84 A's per leerder. Baie geluk ook aan Rico Vosloo wat die hoogste gemiddeld aangeteken het – 'n merkwaardige prestasie wat getuig van harde werk, deursettingsvermoë en toewyding. Geluk, Randjies! Julle het elkeen jul ster laat skyn en Hoërskool Randburg se naam met trots hoog gehou.**






# DISTRIKSPRYSUITDELING

Tydens die Distriksprysuitdeling is Hoërskool Randburg **onder die top 10 skole** in die distrik aangewys gebaseer op ons uitstekende matriekuitslae. Baie geluk ook aan **Olivia Beaumont**, wat as die **Toppresteerder in Toerisme** in die distrik aangewys is — 'n besonderse prestasie! Ons is ongelooflik trots op elke leerder en onderwyser wat bygedra het tot hierdie sukses.







# KULTUUR

## KOOR


Die **koor** het op 17 Januarie 'n spesiale Afrika-oefensessie saam met Samkelo van *Tuks Camerata* gehad. Ons is trots op ons sangers wat hierdie unieke geleentheid gebruik het om hul talent verder te ontwikkel.





## ORREL

**Ruan Visser (gr. 12)** het op 24 Januarie die besondere voorreg gehad om 'n meestersklas by te woon wat deur 'n internasionale Oostenrykse orrelis aangebied is. Die meestersklas het by die St George Kerk in Parktown plaasgevind waar 'n unieke orrel gehuisves word. Hierdie meestersklas is deur die Suid-Afrikaanse Kerk-orrelistevereniging (SAKOV) gereël en Ruan het 'n persoonlike uitnodiging ontvang om deel te neem. Ruan is 'n toegewyde klavier- en kerkorrelleerder aan die Magneetskool en hierdie ervaring was vir hom 'n groot eer. Ons is ongelooflik trots op jou, Ruan!



# NUWE GRAAD AGGIES

Welkom aan al ons **graad 8's**! Ons is baie opgewonde om julle by die skool te verwelkom. Julle begin nou 'n nuwe en opwindende hoofstuk vol geleenthede, groei en nuwe vriendskappe. Mag hierdie jaar vir julle een van leer, pret en onvergeetlike oomblikke wees. Ons sien uit daarna om julle te leer ken en saam met julle die pad te stap.





# BAIE WELKOM




# EERSTE SAALOPENING
















# GROENTJIEKONSERT









Ons skool het 'n klomp Randjies ryker geword. Ons **graad 8's** is ingehuldig en ons kan sommer klaar sien dat hierdie groep diep spore by Randburg gaan trap. Graad 8's, mag die volgende vyf jaar 'n tydperk van geluk, liefde en groei vir elkeen van julle wees.






# SPORT



## ATLETIEK INTERHUIS

Interhuis 2026 het weereens gewys wat moontlik is wanneer talent, toewyding en spangees bymekaarkom. Drie rekords is verbeter en uitstaande prestasies is deur die dag gelewer.

- ★ **Junior Victrix Ludorum:** Annebelle Schutte
- ★ **Junior Victor Ludorum:** Anton Bazhko
- ★ **Senior Victrix Ludorum:** Megan Kleynhans
- ★ **Senior Victor Ludorum:** Edgar van der Spoel

WELL DONE

**Spankompetisie:**

**Dogters:** Blou – 677 | Wit – 577 | Goud – 572

**Seuns:** Goud – 722.5 | Blou – 670 | Wit – 563.5

**Gesamentlike wenners:**

**Blou – 1347 | Goud – 1294.5 | Wit – 1140.5**
















READY!

# WATERKLOOF UITNODINGSATLETIEKBYEENKOMS

Hoërskool Randburg se **atlete** het uitstekend presteer tydens die Dreyer Campbell-uitnodigingsbyeenkoms wat op 23 Januarie 2026 by Hoërskool Waterkloof plaasgevind het. Ons atlete het hul staal gewys en verskeie teen sterk mededinging van vooraanstaande skole top posisies behaal. Die meisies het besonder goed in verskeie items gevaar. **Imcke Nel** het met 'n uitstekende spiesgooi-prestasie uitgestaan, terwyl **Megan Kleynhans** haar veelsydigheid in die 800m en 400m bewys het. **Daniella Kitching en Lianke Kotzé** het sterk vertonings in die hekkiesitems gelewer en **Carolien van Zyl** het haar merk in beide die gewigstoot en diskus gemaak. Atlete soos **Leah Daniels, Kara Marais, Dianay Roestoff en Anja Diedericks** het ook waardevolle punte vir Randburg ingesamel! Aan die seunskant was daar ook indrukwekkende prestasies. **Gustaf de Lange** het 'n uitstaande eerste plek in die hoogspring behaal, terwyl **Marno White en Pieter Steyn** sterk vertonings in die gooi-items gelewer het. In die baanitems het atlete soos **Cairol Mabhude, Liam Benade van Niekerk, Schalk du Plooy, Bradley Butcher en Gian van Tonder** gewys dat Hoërskool Randburg oor groot spoed en diepte beskik. Hierdie resultate bevestig die groei en harde werk van ons atletiekprogram. Hoërskool Randburg is trots op elke atleet wat deelgeneem het en sien uit na 'n opwindende atletiekseisoen wat voorlê.







# GHOLF

Randburg se gholfers het 'n oefenrondte by Randpark Gholfbaan gespeel ter voorbereiding vir die Sentraal Gauteng Liga wat op 19 Januarie, afskop. Ons wens hulle alles van die beste toe vir die seisoen wat voorlê!







Randburg se gholfers het op 19 Januarie aan die eerste rondte van die Sentraal Gauteng Liga 2026 wat oor vier weke plaasvind, deelgeneem. Randburg A het 'n sterk vertoning gelewer en, naas Midstream en ESCA Wanderers, **derde** geëindig. Randburg B en Randburg C het onderskeidelik, naas Trinity Randpark, **tweede en derde** geëindig.



Randburg A het in die volgende rondte van die Sentraal Gauteng Liga teen Crawford Ruimsig, Pecanwood College en Beaulieu College meegeding en as die **wenners van die dag** geëindig: 'n puik prestasie deur ons gholfers – baie geluk! Randburg B en C se wedstryde is ongelukkig weens weerlig gekanselleer.









Ons gholfspanne het weer hul staal in die Sentraal-Gauteng Gholfliga gewys. Die A-span het by Southdowns Gholfbaan teen Waterstone College, Cornwall College en Trinity House meegeding. Randburg **wen** die kompetisie **oortuigend**. **Franco Colin** het 'n uitsonderlike rondte gespeel met 'n -5 onder baansyfer – puik gholf!

Die B- en C-spanne het by Randpark Gholfbaan teen Trinity Randpark en Steyn City gespeel. Ons B-span eindig in 'n sterk **tweede plek**, net agter Trinity, terwyl die C-span die **derde plek** behaal. Welgedaan aan elke Randjie – julle maak ons ongelooflik trots!

# HOKKIEAFRIGTING

Ons is ongelooflik trots om te deel dat **Chantal van der Bank (gr. 12)** as skeidsregter aan twee belangrike nasionale en internasionale hokkietoernooie deelgeneem het: *African Masters Invitational (AMI) 2025* en *Indoor Hockey Nationals 2025.* Die AMI 2025, 'n belangrike Suid-Afrikaanse Meestershokkie-toernooi, het van 21 tot 23 November 2025 in Johannesburg plaasgevind. Die toernooi het gedien om nasionale spanne (ouderdomme 35–75+) vir die *World Masters Hockey* (WMH) 2026 te kies. Chantal het die voorreg gehad om tydens vyf wedstryde as skeidsregter op te tree. Die *SA Schools Hockey Indoor Nationals* het van 30 November tot 4 Desember 2025 in Durban plaasgevind. Chantal het hier haar **formele SAHA ML1-gradering ontvang** en was ook **die jongste skeidsregter by die toernooi.** Baie geluk, Chantal – ons is ongelooflik trots op jou harde werk, toewyding en prestasies.




# TENNIS

Ons **C-tennisspan** het op 26 Januarie teen Dainfern se B-span gespeel en gelykop geëindig nadat die wedstryd ongelukkig weens weerlig gestop is. Mooi gespeel, Manne – ons is trots op julle!





Ons **dogterstennisspanne** het in hul eerste ligawedstryd van die jaar teen King David Linksfield gespeel. Die dogters het pragtig gespeel en weereens bewys dat 'n Randjie nooit gaan lê nie. Mooi so, Dogters – julle maak ons ongelooflik trots!



# *BIATHLE-, TRIATHLE-* EN *LASER RUN*

**Megan Kleynhans (gr. 10)** het van 8 tot 13 Desember 2025 aan die UIPM *(Moderne Pentathlon) Biathle-, Triathle-* en *Laser Run* Wêreldkampioenskappe deelgeneem wat in Mosselbaai aangebied is. Ten spyte daarvan dat Megan slegs 15 jaar oud is, het sy in die o. 19-ouderdomsgroep meegeding en uitmuntende prestasies teen ouer en meer ervare internasionale atlete behaal. Haar individuele en spanprestasies sluit die volgende in:

- Gemengde *Biathle* (Tweekamp) Aflos – **Goue medalje** saam met haar seunspanmaat
- Individuele *Triathle* (Driekamp) – **Goue medalje en gekroon as Onder 19 Wêreldkampioen**
- Individuele *Biathle* (Tweekamp) **– Silwer medalje (tweede plek)**
- Individuele *Laser Run* – **Silwer medalje (tweede plek)**

Daarbenewens het Megan ook **drie goue spanmedaljes** saam met haar mede Suid-Afrikaanse dogterspanmaats verwerf wat haar bydrae tot spanprestasie verder beklemtoon. Met haar internasionale deelname in die onder 19-ouderdomsgroep het Megan ook haar Suid-Afrikaanse **Protea-kleure** in al drie items verwerf: *Biathle, Triathle* en *Laser Run* – 'n besondere eer en bewys van haar uitnemendheid op wêreldvlak.

Op nasionale vlak het Megan verder haar atletiekvernuf bewys deur die SA Skole Top Tien Atletiek ranglys vir 2025 vir dogters onder 15 in beide die 800m en die 1500m te haal. Megan se prestasies getuig van harde werk, deursettingsvermoë en uitsonderlike talent. Sy is 'n ware inspirasie en 'n trotse ambassadeur vir haar skool en Suid-Afrika.









## SWEM

Hoërskool Randburg se **swemspan** het op 22 Januarie hul eerste swemgala van die seisoen by De La Salle Holy Cross College aangedurf en dit het uitstekend gegaan. Ons A- en B-spanne het hul baie goed van hul taak gekwyt en puik spanwerk en deursettingsvermoë getoon. Baie dankie aan al ons swemmers wat hul tyd en energie vir die swemspan afstaan – julle harde werk word raakgesien en waardeer. Hou so aan, Randjies!



### UITSLAE:

1. King David Linksfield A – 577 punte
2. **Hoërskool Randburg A – 571 punte**
3. De La Salle Holy Cross College A – 569 punte
4. De La Salle Holy Cross College B – 390 punte
5. King David Linksfield B – 356 punte
6. Saheti School A – 327 punte
7. **Hoërskool Randburg B – 279 punte**
8. Sacred Heart College A – 219 punte
9. Pinnacle College Linden A – 119 punte
10. La Salle Holy Cross College C – 82 punte



## INTERHUIS SWEMGALA

Ons skool se jaarlikse **Interhuis-swemgala** het op Vrydag, 16 Januarie by ons skool se swembad plaasgevind. Dit was 'n dag vol pret en opwinding wat deur almal geniet is. Nie net het die swemmers hul beste in die water gelewer nie, maar daar was ook gewilde sosiale items soos die *tube*-resies en die *belly flop* waarna baie leerders elke jaar uitsien.

Die swemmers het hulle uitstekend van hul taak gekwyt en ons het 'n groot aantal deelnemers gehad. As hoogtepunt van die dag is drie rekords gebreek – die kersie op die koek van 'n reeds suksesvolle gala.

Baie geluk aan **Megan Kleynhans** wat in die dogters o. 16-rugslag met 'n tyd van 34.34 'n nuwe rekord opgestel het. **Thomas Pretorius** het sommer twee rekords verbeter – 'n uitsonderlike prestasie. Hy het 'n nuwe rekord in die senior seuns se individuele wisselslag (4 × 25 m) met 'n tyd van 01:07.57 opgestel, asook in die o. 17-borsslag met 'n tyd van 33.53. Ons is ongelooflik trots op julle en sien uit na die seisoen wat voorlê.

Die volgende swemmers het die meeste punte in hul ouderdomsgroep by die Interhuis swemgala bymekaargemaak en word as Beste Swemmer erken:

**Onder 14-dogters:**
Bokkie Maruping

**Onder 14-seuns:**
Luandré Sutherland

**Onder 15-dogters:**
Ava Lily Koortzen

**Onder 15-seuns:**
Nardus Breedt

**Onder 16-dogters:**
Larissa Bouwer

**Onder 16-seuns:**
Chris-Jan Fourie

**Onder 17-dogters:**
Keira Bester

**Onder 17-seuns:**
Thomas Pretorius

**Onder 18-dogters:**
Simoné Van Aswegen

**Onder 18-seuns:**
Erik Breedt

Ons maak ook graag die kapteine vir die 2026-seisoen aan julle bekend. Baie geluk aan **Simoné Van Aswegen en Erik Breedt**.








Baie dankie aan elke swemmer wat deelgeneem het – julle het die dag 'n groot sukses gemaak. Dankie ook aan die leerders wat die swemmers entoesiasties toegejuig het, asook aan die onderwysers wat as beamptes gedien het. Julle positiewe bydrae word opreg waardeer.

Ons het die swemseisoen op die regte noot afgeskop – hou so aan, Randjies.

















# INTERHUIS SWEMGALA






Ons **swemspan** het op 5 Februarie aan 'n swemgala by Saheti School deelgeneem. Die span het uitstekend gevaar en ons is ongelooflik trots op elke swemmer se deelname, deursettingsvermoë en sportmanskap.



## UITSLAE:

1. Deutsche Schule Johannesburg A – 570 punte
2. **Hoërskool Randburg A – 562 punte**
3. Hoërskool Linden – 497 punte
4. Deutsche Schule Johannesburg B – 413 punte
5. Reddam Waterfall – 409 punte
6. Saheti School – 359 punte
7. Beaulieu College – 346 punte
8. **Hoërskool Randburg B – 180 punte**
9. Pinnacle College Linden – 120 punte
10. St Martins High School – 31 punte

**Baie dankie aan al ons swemmers vir hul toewyding en harde werk. Julle verteenwoordig die skool met trots.**



## KRIEKET

**Onder 14** - Die o/14's het twee proefwedstryde teen Dr EG gespeel en baie goed gevaar. Ongeveer 20 seuns het deelgeneem en die talent wat gewys is, voorspel 'n belowende seisoen wat voorlê.

**Onder 15 vs St John's** - St John's: 77 almal uit, **Tiaan-Rick Swanepoel**: vier paaltjies vir 21 lopies, **Karl Wagenaar**: drie paaltjies vir 22 lopies, Randburg: 80/1, Bion Meyer: 25 lopies nie uit, Randburg wen met nege paaltjies.

**Onder 16 vs St John's -**
St John's: 179/5
Randburg: 110 almal uit
Randburg verloor met 69 lopies.

**Eerste span vs St John's -**
St John's: 287
**Ruvan Linde**: 4 paaltjies vir 45 lopies
**Josh Swart**: 3 paaltjies vir 56 lopies
Randburg: 184
**Liam Peek**: 58 lopies
Randburg verloor met 103 lopies.





**Dogterskrieket vs Dainfern -** Dainfern 1: 120/7 in 20 beurte, Randburg 2: 93/5 in 20 beurte, Randburg verloor met 27 lopies.  Welgedaan aan al ons spelers en spanne — baie waardevolle wedstryde en goeie ervaring vir die seisoen wat voorlê!

## Krieketuitslae:

### o. 14 B
Hoërskool Randburg **wen** teen Northcliff High School met vier paaltjies
Northcliff: 90
Randburg: 92/6
**Jayden Swart:** Vier paaltjies vir 24 lopies

### o. 14 A
Randburg verloor teen Noordheuwel met 87 lopies
Noordheuwel: 164/4
Randburg: 77/3

### o. 15's
Randburg **wen** teen Hoërskool Dr Malan met sewe paaltjies
Dr Malan: 122/9
Randburg: 124/3
**Andrew Holmes:** Drie paaltjies vir 16 lopies en 34 lopies

### o. 16's
Randburg verloor teen Dr Malan met 11 lopies
Dr Malan: 94
Randburg: 83
**Franco Bothma:** Vier paaltjies vir ses lopies
**Reynard Opperman:** 39 lopies

### Eerste span
Randburg verloor teen Dr Malan met vyf paaltjies
Randburg: 122/9
Dr Malan: 123/5

**Welgedaan aan al ons krieketspelers!**

### Dogters vs Seuns o. 14 C
Randburg **wen** teen Cornwall Hill College met 136 lopies
Randburg: 202/2
**Alyssa Edwards: 101* (nie uit nie)**
Cornwall Hill College: 66 almal uit









**Alyssa Edwards – 101* lopies (nie uit nie)**

## Krieketuitslae – Saterdag, 24 Januarie

| | |
|---|---|
| **o. 14 A-span**<br>Verloor teen Northcliff | **o. 16 A-span**<br>Verloor teen Northcliff |
| **o. 15 A-span**<br>**Wen** Northcliff met vyf paaltjies<br>Northcliff: 230 lopies<br>• **Luke Cloete:** drie paaltjies vir 17 lopies<br>Randburg: 235/5<br>• **Andrew Holmes:** 69 lopies<br>• **Thinus Otto:** 56 lopies | **Eerste span**<br>**Wen** Northcliff met ses paaltjies<br>Northcliff: 154<br>• **Kyle Cameron:** drie paaltjies vir 29 lopies<br>• **Keano Gerber:** drie paaltjies vir 26 lopies<br>Randburg: 157/4<br>• **Josef van den Berg: 82 lopies (nie uit nie)** |

**Geluk aan die spanne wat gewen het, asook aan die spelers wat uitstekende individuele prestasies gelewer het.**





Die **B-dogterskrieketspan** het teen Northcliff se A-span gespeel en 'n uitstekende **oorwinning** behaal. Northcliff is vir slegs 60 lopies uitgeboul, met **Ilané Louw** wat uitstekend gevaar het deur drie paaltjies vir ses lopies in drie boulbeurte te neem. Randburg het die teiken gemaklik bereik met 61 lopies sonder die verlies van 'n paaltjie. **Tayla Weideman** het 25 lopies nie uit nie aangeteken en Randburg het die wedstryd met 10 paaltjies gewen.



Tydens krieketwedstryde teen Trinity Randpark op 4 Februarie, het Randburg sterk vertonings in verskeie ouderdomsgroepe gelewer. Die **o. 14-span** het 174 lopies vir ses paaltjies aangeteken, met **Ben Aucamp** wat 42 lopies bygedra het. Trinity is daarna vir 94 lopies uitgeboul, met **Sammy Hayden** wat drie paaltjies vir 11 lopies geneem het en Randburg het met 80 lopies gewen.

Die **o. 15-span** het ook beïndruk toe Trinity vir 73 lopies uitgeboul is. **Tinus Otto** het besonder goed geboul met drie paaltjies in drie boulbeurte sonder om ’n lopie af te staan. Randburg het 75 lopies vir drie paaltjies aangeteken en met sewe paaltjies gewen.




Die **Eerste span** het ’n spannende wedstryd teen Trinity gehad en met net **een lopie gewen**. Randburg het 173 lopies vir drie paaltjies aangeteken, met **Liam Peek** wat 67 lopies geslaan het en **Graeme Kitching** wat 47 lopies nie uit nie bygedra het. Trinity het 172 lopies vir sewe paaltjies aangeteken, maar Randburg se boulers het goed volgehou om die noue oorwinning te verseker.

Op Donderdag, 5 Februarie, het die Randburg **o. 15 B-span** teen Northcliff o. 15 B gespeel en ’n indrukwekkende **oorwinning** behaal. Randburg het 234 lopies vir twee paaltjies in 20 beurte aangeteken.

**Sean Rosseau** het uitgestaan met ’n indrukwekkende 115 lopies van 74 balle, terwyl **Zachary Combrinck** 61 lopies nie uit nie van 35 balle geslaan het.

Northcliff is daarna vir slegs 25 lopies uitgeboul, met **Chad Price** wat vier paaltjies vir 16 lopies geneem het en **Jeandré Venter** wat drie paaltjies vir agt lopies geneem het. Randburg het die wedstryd met 209 lopies gewen.

**Baie geluk aan al hierdie spanne en spelers met hul uitstekende prestasies. Dankie vir julle harde werk, toewyding en trots waarmee julle die skool verteenwoordig het.**

# FIETSRY

Hoërskool Randburg se fietsryers het besonder goed presteer tydens die *Combined Provincial Road and Time Trial*-kampioenskappe wat op 17 en 18 Januarie deur *Cycling South Africa* aangebied is. Die *Time Trial* oor 18 km is individueel afgelê, sonder enige ander ryers op die roete. Ons is uiters trots op **Evan Naudé (gr. 10)** wat die o. 17-afdeling gewen het. **Reinhardt Strydom** en **Ewald Eloff (albei gr. 11)** het in die Junior Mans-kategorie deelgeneem, waar Reinhardt 'n sterk tweede plek behaal het en Ewald in die sewende plek geëindig het.







Op Sondag, 18 Januarie het die 150 km-padwedren onder warm en uitdagende toestande plaasgevind. Die seuns het hard gewerk, met **Erik Breedt (gr. 12)** wat vierde geëindig het en **Reinhardt Strydom** wat 'n 13de plek losgery het. Dit is 'n baie goeie begin vir 2026 en hierdie ryers het nog 'n blink toekoms wat vir hulle voorlê.

Ons is ook trots op **Natasha Swart**, 'n 2025-matrikulant van Hoërskool Randburg, wat 'n tweede plek in die *Time Trial* vir junior dames behaal het.

Die Suid Afrikaanse Padkampioenskappe het op 8 Februarie plaasagevind en **Erik Breedt en Reinhardt Strydom** het Hoërskool Randburg se naam op nasionale vlak met 'n 14de en 15de posisie hoog gehou. Baie geluk met uitstekende resultate.








## KLEREBANK

**Die Klerebank sal op Woensdagmiddae van 12:30 tot 14:15** oop wees vir enige leerder of ouer wat klere wil koop. Ondersteunersdrag is ook by die klerebank beskikbaar. Ons rig graag 'n versoek aan alle ouers en oud-leerders om asseblief skoolklere wat nie meer gebruik word nie, veral skoolbaadjies, aan die klerebank te skenk.

**LO-Klere en sweetpakke <u>slegs</u> by skool beskikbaar en nie by verskaffers nie!** Ons versoek dat ouers nie die klerebank buite hierdie ure besoek nie. Indien daar 'n noodgeval is, skakel die skool en maak dan 'n afspraak met me. Lorainne Marx in die boekwinkel. Sy kan nie elke ouer in die klerebank help nie, aangesien sy ander werk het om te doen. Hou dus asseblief by die tye!

**TYE – 12:30 TOT 14:15 (WOENSDAGMIDDAE)**

**Kaartbetalings alleenlik na 14:00**




## RANDJIE GEBEDSWAG

**(Randjie-ouers & -onnies wat bid)**

Dit is in ons Hemelse Vader se wil dat ons deur gebed en danksegging ons behoeftes aan Hom bekend maak. Bid saam met ons Donderdae-oggende vanaf **07:30 tot 8:30** in SAU, Jackie se kantoor. As dit nie vir u moontlik is om saam met ons te bid nie, maar u wil deel vorm van ons bidgroep, kan u **Jackie Krüger** by **083 651 8172** skakel. Ons het 'n *WhatsApp*-groep waarop gebedsversoeke geplaas word.



**CSV**
**DONDERDAE, 07:30 TOT 08:30 IN SAU. ALMAL IS WELKOM!**



## PARKERING

Ouers moet asseblief nie by die skoolterrein inry om leerders af te laai nie – stop asseblief in die parkeerruimtes in die dienspad. U word ook versoek om nie die dienspad te versper om leerders **'gou-gou'** op te laai nie.

Fietse parkeer by die matriekparkering. Daar is geen koste daaraan verbonde nie, maar ons stel voor dat jy asseblief jou eie slot en ketting voorsien, aangesien ons geen verantwoordelikheid kan aanvaar nie.

Motors & motorfietse parkeer by die matriekparkering. Die koste vir parkering is **R150 per kwartaal.**
**<u>Prosedure</u>:** Jy betaal by die finanskantoor met jou registrasienommer. Die kostes vir die hekkontrole is **R250.00** en wanneer dit weer ingehandig, word **R200.00** terugbetaal.



**<u>Algemene reëls vir parkering:</u>**

1. Die hek maak outomaties toe, moet asseblief nie die kontrole herhaaldelik druk nie.
2. Geen vinnige wegtrek (*spin*) of uitermatige hoë revolusies van voertuie of motorfietse word toegelaat nie.
3. Indien jy nie by bogenoemde reëls hou nie, sal parkering, sonder terugbetaling, geweier word.
4. Betaal asseblief eers voordat jy van die parkering gebruik maak.
5. Parkering aan die noordekant (afdak T10 en T11) en aan die suidekant (by die musieksentrum) word vir personeel gereserveer.

# ADVERTENSIES

**NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT HOËRSKOOL RANDBURG GEEN VERANTWOORDELIKHEID OF AANSPREEKLIKHEID VIR ADVERTENSIES AANVAAR NIE.**










Helpende Hand benodig vrywilligers
Dit is al jare die gewoonte waar ouer help met kospakkies (daaglikse skooletes) vir behoeftige leerders.
Ongelukkig is daar 'n groot leemte aangesien die meerderheid ondersteuning van laas jaar se Matriekouers was.
Sou jy jou weg oopsien om ons by te staan op enige wyse, kontak Annerie by die kantoor.
011 782 6226 | annerie.schoeman@hsrandburg.co.za


NG RANDBURG HOU BASAAR!!
Saterdag 28 Feb.
10:00–14:00
H/v. Doverstraat en Vinelaan
Stalletjies - Speletjies - Pannekoek - Kerrie-en-rys - Hamburgers - Kebabs - Teetuin - Tuisnywerheid en vele meer.

**CEDAR SOLAR**

## Sny jou kragrekening met sonkrag – Kry 'n GRATIS

# ENERGIE OUDIT

**GRATIS OUDIT**



Vind uit hoeveel jy kan bespaar met 'n pasgemaakte sonkragoplossing – geen koste, geen verpligting.

- Cedar Solar is gebaseer in Honeydew ✓
- Vinnige, lokale ondersteuning in JHB ✓
- 15 Jaar in die industrie ✓
- Gekwalifiseerde In-Huis Tegnikusse ✓
- Goedgekeur by Groot Banke ✓






Google rating 4.7 ★★★★★

**WhatsApp 060 893 2996 om 'n terreinbesoek te bespreek.**

**Besoek Ons Vorige Projekte Aanlyn**
www.cedarsolar.com

**Cedar Solar - 011 794 4664 - info@cedarsolar.com - Unit 8 Cranberry Industrial Park, Honeydew, 2170. T& C's Apply.**

---

TRIUMPH *Mathematics*



## *Wiskunde Privaattutor*

*By Triumph Mathematics verdien kinders om hulle volle potensiaal te bereik.*

*En 'siblings' geniet nou 20% afslag!*



*Kontak ons gerus:*
*Karlienjohnson1@gmail.com*
*www.triumphmaths.com*
*082 566 5917*

---

## Bekommerd oor jou gr8 Wiskunde?? Maak van hierdie 'Vreesvak' jou 'Feesvak'

## Ek kan jou help!

Ten minste 24 jr ondervinding. Hulp met:

- voorbereiding van toetse/eksamens
- klaswerk/huiswerk en vrae
- informele onderrig in rustige omgewing
- nasorg van toetse
- deurwerk van vorige vraestelle
- akkommodeer buitemuurse aktiwiteite

Kontak my!
Gerda Naudé
083 975 5100 óf
hattinghgerda5@gmail.com

# FEBRUARIE 2026

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag | Sondag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 1 |
| | | | | | | |
| 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 |
| **Toets 2**<br>Admaths Gr 8-12<br>Gr.12 Wisk Verlengde skool<br>Seunstennis C & D<br>Gholf Sentraal Gauteng Liga<br>Fietsry Ouervergadering 18:20 Personeelkamer<br>**Netheidskontrole**<br>Dogterskrieket vs Garsfontein (w) | Koor oefening<br>Gr 12. FW Verlengde skool<br>Dogterstennis vs Bresciahouse (t)<br>Dogterskrieket B vs Northcliff (t) | Atletiek Noordheuwel Top 15<br>Robotika 14:00<br>Seunskrieket: JW Trinity RP<br>Seunskrieket vs Trinity | **Toets 3**<br>Swemgala Saheti<br>Hokkie ouervergdering 18:30 Skoolsaal<br>Seunskrieket vs Queens<br>Dogterskrieket vs Queens (w)<br>Skietvergadering 17:30 in A6<br>Tienertoneel Oudisies Blouster | Atletiek Menlo (w)<br>Seunstennis A & B<br>Fairland Roadshow | Seunskrieket: Helpmekaar | |
| 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 |
| **Toets 4**<br>Admaths Gr 8-12<br>Gr.12 Wisk Verlengde skool<br>Seunstennis C & D<br>Gholf Sentraal Gauteng Liga<br>Seunskrieket vs Monument | Koor oefening<br>Gr 12. FW Verlengde skool<br>Dogterstennis vs King David (t)<br>**Gr. 8&9 Prysuitdeling 19:00 skoolsaal**<br>Dogterskrieket A vs Orange Farm (t) | Unika Roadshow<br>Robotika 14:00<br>Seunskrieket JW vus Queens | **Toets 5**<br>Swemgala Pinnacle Linden<br>**Gr 10&11 Prysuideling Skoolsaal 18:30**<br>Seunskrieket vs CBC Boksburg | RNA<br>Atletiek Curro Podium<br>Seunstennis A & B | Valentynsbal<br>Atletiek Curro Podium<br>SANESA Gauteng 1<br>Seunskrieket: St Davids/Queens | SANESA Gauteng 1 |
| 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 |
| **Toets 6**<br>Admaths Gr 8-12<br>Gr.12 Wisk Verlengde skool<br>Seunstennis A & B<br>Gholf Sentraal Gauteng Liga | Koor oefening<br>Gr 12. FW Verlengde skool<br>Dogterstennis vs Kingsmead (t)<br>**Netheidskontrole** | Individuele Fotodag<br>Robotika 14:00<br>Seunskrieket JW: Semi Finaal | **Toets 7**<br>Swemgala (t)<br>Dogterskrieket vs Edenglen (t) B-liga | Atletiek Noordheuwel (w)<br>Seunstennis A & B<br>Roadshow: LS Horison 10:20 | Seunskrieket: KES<br>Koor: Afrika oefensessie Atrium 14:00-16:00 | |
| 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | |
| **Toets 8**<br>Admaths Gr 8-12<br>Gr.12 Wisk Verlengde skool<br>Seunstennis C & D<br>Dogterskrieket vs Dainfern<br>**Gr 7 Ouerinligtingsaand** | Koor oefening<br>Gr 12. FW Verlengde skool<br>Louwtjies Roadshow 10:30<br>Dogterstennis vs Bryanston (w) | Robotika 14:00<br>Seunskrieket JW : Finaal | **Toets 9**<br>Fonties Roadshow 11:15<br>Swemgala: Randpark High | RNA<br>Netbalproewe<br>Seunstennis A & B<br>Atletiek: Distrik Kampioenskappe<br>Roodekrans Roadshow | Netbalproewe<br>o/14 Hokkiedogters Jeppe Toernooi (w)<br>Seunstennis Interhoër: Jnr<br>Seunskrieket: St Benedicts | |